Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 40 | 26 Augustus 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

"MEMORIES take us back, DREAMS take us forward."
~ Dwayne Johnson~

GEREEDSKAP VIR OUERSKAP: 21STE EEU

Hoe beïnvloed ek my kinders om 'n lewe te lei wat vir hulle sinvol is en waarin hulle hul potensiaal bereik? Dit is 'n vraag waarmee elke ouer hom/haar gedurig besig hou. Soos die kinders ouer word, word hierdie vraag meer intens en vermeerder die nagte se wakker lê... .

Hou gerus die volgende in gedagte:

☆ Verstaan jou kind se temperament en ontwikkelingstadium. Sommige kinders het 'n genetiese neiging om 'n sterk wil te hê. Té veel beheer sal daardie sterk wil net vererger. Kleuters wat besig is om selfstandigheid te ontwikkel het fermheid nodig, maar nie absolute opdragte nie. Laat jou kind toe om emosies of gevoelens te ervaar en leer hom/haar hoe om sekere optrede te beperk. Dit beteken jou kind moet verstaan dis normaal om woede te ervaar, maar nie aanvaarbaar om iemand te slaan terwyl hy/sy kwaad is nie.

☆ Fokus op die positiewe en prys hom/haar daarvolgens. *Dra jou waardes en standaarde oor aan jou kinders.... so sal u, as ouer, altyd lewend bly in hul menswees.*

☆ Fokus op sy/haar pogings en nie op die evaluering van sy/haar persoonlikheid nie.

☆ Beweeg teen jou kind se pas en help hom/haar om realistiese doelwitte te stel, maar ook om sy/haar eie belangstellings en doelwitte te kies.

☆ Wees bewus van die redes waarom u, u kinders aanmoedig. Baie ouers probeer hul eie onvervulde ambisies deur hul kinders vervul. Te veel druk kan 'n kind laat tou opgooi, of selfs negatiewe keuses laat maak.

☆ Moenie oor-beskermend wees nie. Moenie ooit vir 'n kind iets doen wat hy/sy self kan doen nie, selfs al verkies hulle dit. Ontwikkel die vaardigheid van empatie – luister en leer om optrede te ontsyfer, maar gee die verantwoordelikheid dan ferm terug. Die enigste manier hoe 'n kind veerkragtigheid in dié uitdagende eeu gaan leer, is om "ouderdom-toepaslik" sy/haar eie probleme op te los.

☆ Stel duidelike en konsekwente grense. Ware dissipline is die vermoë om dit baie duidelik te maak wat die reëls en verwagtinge is, maar om dit terselfdertyd duidelik te maak wat die gevolge sal wees indien die reëls verbreek word.

Richard Branson, 'n biljoenêr en wêreldbekende entrepreneur, het ondanks 'n disleksie probleem uitgestyg – en nie omdat hy 'n veilige beroepskeuse met 'n pensioen nagestreef het nie. Hy het uit sy motor se kattebak musiek begin verkoop, en nou besit hy onder meer 'n lugredery en beplan om mense na die buitenste-ruimte te vlieg.

KASKARDAG

Die Riebies se Kaskardag sal op 22 September 2021 plaasvind. Die entoesiasme is aanvoelbaar en ons kan sien ons leerders sien sommer baie uit na dié dag!

Dankie aan al die ouers wat die skool so mooi ondersteun deur die donasie-vorms terug te stuur skooltoe.

Dankie aan die personeel vir hul motivering. (Ek kan sien daar is gesonde kompetisie tussen die klassies...).

SOMER-SKOOLDRAG

Leerders kan reeds vanaf 30 Augustus 2021 somer-skooldrag skooltoe begin dra.

"If we had no winter, the spring would not be so pleasant."

~ Anne Bradstreet ~

AANSOEKE GRAAD 8 EN GRAAD 1 – 2022

- **Graad 8 (2022) aansoeke**

  Aansoeke sluit op 3 September 2021

  Ons sien op die stelsel dat daar enkele ouers is wat nog nie hul registrasie en aansoeke op die GDE stelsel (www.gdeadmissions.gov.za) voltooi het nie.

  Die skool het reeds briefies aan die betrokke ouers gestuur.

  Ouers wat probleme ondervind, kan die volgende kontakbesonderhede gebruik:
  gdeinfo@gauteng.gov.za of skakel 0800 000 789 | 011 355 0000

  Indien ouers steeds probleme ondervind moet hulle asseblief dringend 'n e-pos stuur na: naomi@riebie.co.za

- **Graad 1 (2022) aansoeke**

  Open **08:00 op 13 September 2021**
  Sluit **00:00 op 08 Oktober 2021**

  Die skool sal binnekort verder met voornemende Graad 1 ouers kommunikeer.

GHOLFDAG: 17 SEPTEMBER 2021 - MODDERFONTEIN GHOLFBAAN

Onthou om te bespreek vir die Gholfdag!
Moenie dié dag misloop nie !!!

Daar is nog vier-balle beskikbaar teen R2 300-00 per vierbal. Ouers se ondersteuning sal opreg waardeer word. **U kan ook ons webwerf besoek vir meer inligting en kostes, en aanlyn-besprekings kan ook gedoen word by** www.riebie.co.za. Stuur asseblief die besonderhede van u borgskap [wat u neem (borgskap/vierbal), totale bedrag, volle besonderhede vir faktuur en besprekings-doeleindes] na golf@riebie.co.za. Merk dit asseblief duidelik: Riebies **Gholfdag 2021.**

Vir enige navrae, stuur gerus 'n e-pos na golf@riebie.co.za.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

SPORT

KRIEKET

Alle seuns is welkom om die oefening by te woon. Bring asseblief, indien moontlik, jou eie krieketbal- en toerusting. Krieket-toerusting sal, sover moontlik, voorsien word.

Oefentye as volg:

Maandae	0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:15
	0/9A en 0/10	15:15 – 16:15
Dinsdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:15
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15
Woensdae	0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:15
	0/9 A en 0/10	15:15 – 16:15
Donderdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:15
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15

LIGA-WEDSTRYDE: Die spesifieke dag waarop wedstryde gaan plaasvind sal aan ouers op die WhatsApp-groepe gekommunikeer word.

23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Curro	1ste Span
1 September 2021	DORPSPROEWE (Inligting sal volg)	
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	

13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	2de Span
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs Maranatha	
13 September 2021 – 17 September 2021	BYE	
20 September 2021 – 23 September 2021	L/S VRP vs Tembisa	
27 September 2021 – 1 Oktober 2021	FINALE	
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Solid Foundation	3de Span
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Curro	O/11A
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
6 September 2021 – 10 September 2021	BYE	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Maranatha	O/11B
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	O/10A
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs Curro	O/10B
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs Curro	
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	
23 Augustus 2021 – 27 Augustus 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	O/9A
30 Augustus 2021 – 3 September 2021	BYE	
6 September 2021 – 10 September 2021	L/S VRP vs L/S Kruinsig	

13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	

MINI-KRIEKET

Oefentye

Dinsdae en Donderdae

O/7 en O/8	13:30 – 14:00
O/9B	13:45 – 14:15

TENNIS

Sterkte aan die seuns wat op 31 Augustus 2021 aan ‘n dubbels-toernooi gaan deelneem!

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 **seuns en dogters**)
Dinsdae en Donderdae 06:00 – 07:00

LANDLOOP

Oefentye

Maandae – Donderdae 14:15 – 15:00

MINI-HOKKIE

Oefentye

Dinsdae en Donderdae (Dogters moet, indien moontlik, hul eie stok en bal saambring).

O/7 en O/8	13:30 – 14:00
O/9	13:45 – 14:15

HOKKIE

DOGTERS OEFENTYE

Maandae	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15
Dinsdae	O/12 en O/13	14:15 – 15:15
	O/10 en O/11	15:15 – 16:15
Woensdae	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15
Donderdae	O/12 en O/13	14:15 – 15:15
	O/10 en O/11	15:15 – 16:15

DOGTERS WEDSTRYDE

Die O/10, O/11, O/12 & O/13 dogters Hokkiespanne sal as volg wedstryde speel:

31 Augustus 2021	: VRP vs Curro (by Curro) *** **SLEGS O/11 & O/13**
7 September 2021	: VRP vs Kruinsig (by Jeugland)
14 September 2021	: VRP vs Impala (by Hoërskool Kempton Park)

SEUNS OEFENTYE

Maandae	15:15 - 16:15
Dinsdae	14:15 – 15:15
Woensdae	15:15 – 16:15
Donderdae	14:15 – 15:15

SEUNS WEDSTRYDE

Die O/13 seuns Hokkiespan sal as volg wedstryde speel:

30 Augustus 2021	: VRP vs Curro (by Curro)
Week van 6-10 September 2021	: VRP vs Woodlands (by Woodlands) **Datum sal bevestig word.*
15 September 2021	: VRP vs Farrarmere (by Jeugland)
16 September 2021	: VRP vs Impala (by Impala)
21 September 2021	: VRP vs Randhart (by Jeugland)
28 September 2021	: VRP vs Kruinsig (by Jeugland)

NETBAL

Baie sterkte aan die O/12 dogters wat eerskomende Saterdag aan die Gauteng Netbal Skole-Toernooi gaan deelneem. Maak ons trots en laat die Riebie vlag hoog wapper !

Baie geluk ook aan Olga Ivanov (0/12) en Beatrice Wawina (O/13) wat in die Gauteng Netbalspan opgeneem is. Olga en Beatrice gaan in Oktober aan die *"All Ages Netball Tournament"* deelneem – baie sterkte. Ons is baie trots op die twee dogters!

Kultuur

REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders wat vir die Gauteng Radikale Redenaars Streeksfinaal Kompetisie gekies is. Julle maak die Riebies trots, deurdat julle die wêreld aan die brand kan praat en standpunt inneem! Baie sterkte, ons weet sommer dat dit baie goed sal gaan!

Amika Theron	Graad 2	Engels Eerste Addisionele Taal
Oratile Maloisane	Graad 2	Engels Huistaal
Elzaan Fourie	Graad 2	Afrikaans Huistaal
Jean-Miné Brits	Graad 3	Engels Eerste Addisionele Taal

Zwivhya Mashavah	Graad 4	Engels Huistaal
Alex van Tonder	Graad 5	Engels Huistaal
Kylie Casimiro	Graad 6	Engels Eerste Addisionele Taal
Tertius van der Walt	Graad 6	Engels Eerste Addisionele Taal & Afrikaans Huistaal
Ashleigh Engelbrecht	Graad 7	Engels Huistaal
Jacinda Ruthven	Graad 7	Afrikaans Huistaal
Darian Valentini	Graad 7	Engels Eerste Addisionele Taal
Lesedi Mokgathlane	Graad 7	Engels Huistaal

ALGEMEEN

LOSLITDAG – 3 SEPTEMBER 2021

Ons nooi graag al ons leerders uit om deel te wees van Loslitdag op
3 September 2021 !

Leerders kan R20-00 by hul registeronderwyser betaal en dan hul plakker ontvang.

Hierdie jaar se tema is **"Moed en Vriendelikheid"**. Ons vra asseblief dat leerders, indien moontlik, iets pers sal aantrek. Leerders kan ook 'n snaakse, prettige, *"funky"* hoed maak en pers op die hoed inbring. Wees kreatief en beeld die tema sommer op jou hoed uit !

Kom ons Riebies maak 'n verskil in ons gemeenskap en wees die verandering wat ons in die wêreld wil sien.

Alle fondse wat ingesamel word, sal tussen Casa Caritas en Con Amore gedeel word.

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

HUISWERK KLASSE

Ons herinner ouers aan die volgende:
Huiswerkklasse is slegs 'n toesighoudende klas. Huiswerkklas vind in 'n geallokeerde lokaal, vir ongeveer 45 minute, met 'n personeellid wat toesig hou, plaas. Daar is geen een-tot-een hulpverlening nie, maar die betrokke personeel sal hulp verleen indien 'n leerder die personeellid vra. Die personeellid aan diens sal die huiswerk aan die groep verduidelik. Leerders moet self die huiswerk doen. Die betrokke personeellid teken net by die huiswerk om te bevestig dat die leerder die huiswerkklas bygewoon het. Dit is steeds die leerder se verantwoordelikheid om die huiswerk by die huis te voltooi en die ouers se verantwoordelikheid om dit te kontroleer en daarby te teken.

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum : 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum : 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 30 AUGUSTUS 2021 – 3 SEPTEMBER 2021

MAANDAG	WARMBRAKKE	BROODJIE, VRUG & SAP
DINSDAG	GEROOSTERDE KAAS EN TAMATIE BROODJIE	BROODJIE, VRUG & SAP
WOENSDAG	MAALVLEIS EN MASH	BROODJIE, VRUG & SAP
DONDERDAG	HOENDER PASTA	BROODJIE, VRUG & SAP
VRYDAG	RUSSIAN EN CHIPS	BROODJIE, VRUG & SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***